# SUPERTEKEN

Baie dankie. En die Here seën elkeen van julle.

Terwyl ons net 'n oomblik bly staan, kom ons praat met hierdie Grote wat ons so aanbid vanmiddag, ons Here Jesus.

2 Ons Hemelse Vader, ons buig ons harte voor U, en ons hoofde, dat ons aan U kan betuig, op hierdie eenvoudige manier van die manier van kommunikeer deur gebed, dat ons dankbaar is vir alles wat ons ore gehoor, en ons oë aanskou het van U Teenwoordigheid by U Kerk, in hierdie laaste dag, van hierdie groot tekens van Sy koms. En mag dit 'n jubeltyd wees vir U Kerk, want daar word gesê wanneer hierdie dinge begin gebeur, dan ons hoofde moet ophef, verlossing naby is. En ons bid dat dit ons gesindheid sal wees.

3 En ons is dankbaar vir wat U vir ons gedoen het, en die uitwerking van U Teenwoordigheid op die mense gelaat het, en mag dit altyd daar wees. Mag hulle U altyd liefhê, Jesus, met hulle hele hart. Eendag sal ek, U dienskneg, moet gaan, maar as U my sou neem voor ek 'n kans het om weer terug te kom, laat hulle weet dat U die onsterflike God is wat nie kan sterf nie en U vir altyd met hulle sal wees. En as dit U so sou behaag, in 'n ander tyd, vir U dienskneg om terug te keer om saam met U diensknegte te bedien, bid ek dat U dit vir ons sal skenk.

4 Seën elke prediker. God, ons bid dat elke man van God vars gesalf sal word met die Heilige Gees. En dat, soos ons broer betuig het, dat jongmanne sal opstaan en gesalf word met die Gees, die gees van Liefde, die gees van gemeenskap, die gees van krag, dat hulle kan help om hierdie Evangelie in die hele wêreld in te neem, want Here, ons besef dat die saak vandag nodig is, dis later as wat ons dink.

5 En ons bid, Hemelse Vader, dat U hulle kerke hier sal seën, en mag daar 'n outydse herlewing uitbreek hier in Chicago, en mag die Heilige Gees afkom en dit laat gebeur. Ek bid vir die Christen Sakemanne se tak, dat U hulle sal seën, en mag hulle instrumente wees om baie manne in die gemeenskap van Christus te kry, skenk dit, Here, almal van hulle.

6 Dankie vir hierdie ouditorium, en vir diegene wat ons dit laat kry het. Ons is dankbaar, Here, om nog in 'n vry land te wees, waar ons God nog steeds kan aanbid volgens die oortuigings van ons eie gewete. Ons is dankbaar vir mans wat steeds die Boodskap glo, en vroue, seuns en dogters. Seën hierdie ingenieurs, opsigter van die gebou, Vader, ons bid dat U met hulle sal wees, en almal in Goddelike Teenwoordigheid.

7 Dankie Vader, vir die gawes van U mense wat—wat gehelp het om hierdie diens te laat voortgaan, elkeen, Here, ek bid dat U hulle sal seën. Ek dank U vir die liefdesoffer wat U kinders my gegee het deur U leiding. En ek bid, Hemelse Vader, dat dit honderdvoudig na hulle sal terugkeer, en in Heerlikheid, waar ons skatte, ware skatte, weggelê is, mag hulle oorvloedige seëninge daaruit ontvang.

8 Help ons nou, en heilig die Woord soos ek myself Daaraan toewy, en aan die Gees, dat ons vanmiddag hier kan weggaan, soos diegene wat van Emmáüs af gekom het, wat sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

9 Mag maar sit. Baie dankie vir julle vriendelike bywoning, vir alles wat julle gedoen en gesê het, en vir alles wat julle gegee het en julle samewerking. Ek wil hierdie goeie groep broers bedank, hieragter, vanmiddag, vir hierdie groot predikers verteenwoordiging, broers van dieselfde kosbare geloof, wat staan vir dieselfde Evangelie wat ons verkondig.

10 Mag God julle bedienings verryk, waar julle ook al is, en nuutgebore babas gee elke keer wat julle preek. Mag groot tekens van Pinkster in julle kerk ontwaak en groot wonderlike dinge deur Christus gedoen word. Mag hierdie tak nooit sterf nie, ons weet die Kerk sal nie, en ek bid dat die tak nie sal nie, sal gemeenskap hou met die Kerk totdat die tyd kom. God sy met hulle.

11 En aan al julle dierbare mense, julle het vir my klein geskenkies gestuur: 'n Broer het vir my 'n groot klomp koekies gestuur, en, o, soveel dinge, en geskenke wat mense vir Billy-hulle gegee het hierdie week, om in die offerhande van God in te gaan, ensovoorts, en die liefdesoffers, julle onthou wat hulle is, hulle is offerandes wat gaan vir buitelandse sendings. En dan wat ek nie kan gebruik net vir wat ek vir myself en kinders moet hê nie, die res daarvan gaan na buitelandse sending om die Evangelie te help dra net sodra ek vry is; en ek weet dis net nou, sien, ek weet dit net.

12 En aan hulle wat nie eers iets kan bekostig om te eet in die vreemde velde nie, ons vra hulle nooit vir 'n pennie nie, ons gaan net in, borg alles met die geld wat julle my gegee het, want ek weet ek gaan daarvoor moet antwoord. En ek wil seker wees dat dit op die regte manier geskied, want ek is die een wat moet antwoord, as 'n rentmeester van God se geld. En ek vertrou dat die Almagtige julle uitermate, oorvloediglik sal seën, en nou, mag Sy genade op julle rus.

13 En onthou, enige tyd wat julle vir my 'n kaartjie wil stuur, net: Jeffersonville, Indiana, as julle wil, Posbus 325. Ons probeer nie, julle adres kry nie, want ek dink my sekretaris is hier vandag, van die kerk, en, Broer Jim Maguire, en ek weet ons het 'n

moeilike tyd om hulp te kry om die briewe te beantwoord. Maar ons is net geïnteresseerd om *julle* te probeer help, met lappies wat ons vir julle kan stuur, of vrae.

14 Nou, as daar enige vraag oor Doktrine is, moet my nie vra nie, ek sal liewer wil hê julle moet die pastoor vra, julle sien, want dis—dit—dit, dis sy plig. As hy julle so ver veilig geneem het met God, sal hy julle die res van die pad deurneem. So julle, en so vra julle net julle pastoor Doktrine, want ek hou nie daarvan om daardie vrae te beantwoord nie, want daar mag elkeen van ons hierbo wees, ons mag van mekaar verskil. Daar's niks, nie twee van ons duime dieselfde nie, sê hulle, nie twee van ons neuse nie. Ek reken julle is bly daaroor, broers, nie 'n neus soos myne het nie.

15 En so is daar. . .Ons mag verskil oor eet, een mag van appeltert hou, terwyl ek beslis daardie groot, warm kersietert geniet wat net 'n rukkie gelede vir my gestuur is. Wag net tot ek in die pad begin afgaan! En so ek hou regtig daarvan, ek sal 'n gastronomiese jubelfees daarmee hê, as die Here wil.

16 So, ek's in elk geval honger, en gedurende die dienste eet ek net omtrent een keer 'n dag, en partymaal twee keer, 'n ligte ontbyt, en dan omtrent die middel van die dag iets ligs, en wag dan tot die volgende oggend, partymaal glad nie. Laaste byeenkoms, het ek gehad, ek dink dit was, hierdie klein vanieljebeskuitjies en—en een of ander soort poeiermelk, deur die hele diens, sodat ek op my *beste* kon wees. Jong studente het daar gesit, en ek wou net *reg* wees, sodat as die Heilige Gees gespreek het. . .en Hy het. Dis reg. En eet net wat ek skaars kon. . .

17 En onthou, vriende, ek was die heeltyd in die veld van Kersfees af, net die heeltyd aan die gang tot ek regtig moeg is, regtig moeg vanmiddag. En dit sal 'n hele rukkie wees voor ek 'n bietjie rus kry. Ek het 'n paar dae wat kom, ek gaan nou net uit vir 'n—'n paar, drie- of vier-dae se rus. Maar enigiemand weet dat jy nie kan rus in drie of vier dae nie, jy moet 'n volkome rus neem en weer opbou.

18 En sien, julle sien net reg *hier*, wat net *hier* is, wat *hier* gebeur. Wel, deur die dag in daardie onderhoude, is daar baie, baie, baie keer meer. En *hier* sien julle net sommige, die Heilige Gees roep iemand, en sê iets en oor hulle soos daardie, maar in daardie privaat onderhoude is daar mense wat Christene is, miskien, en, maar hulle—hulle het iets in die lewe wat hulle net eenvoudig nie kan nie, hulle kan dit nie uitkry nie, hulle weet nie watter kant toe om te gaan nie, en hulle moet 'n Woord van God hê.

19 En ek wens ek kon sê: "Kom maar," met een, maar vriend, daar's omtrent, ek dink my sekretaris daarbuite sê, daar's seshonderd-en-iets, wat wag van regoor die wêreld. En sien? En

so is dit. . . Maar ons sal met graagte julle naam op die lys plaas, en net soos ons by hulle kan uitkom. En iemand. . .

20 Julle weet, die Bybel sê sekere dinge, maar as. . . Daar's dinge verbonde aan die lewe, soos die gebooie, het die tien gebooie gehad, maar toe het God 'n siener gehad wat, toe iets gekom het wat nie op die gebooie geskryf was nie, toe was God se Woord by die profeet wat dit geopenbaar het, wat dit moes wees.

21 En God verander nie, Hy het steeds dieselfde weë, hulle is, as ons hulle net oopmaak, is dit al. Dis wat ons vandag nodig het, is 'n oopmaak van die weë, soos ek nou die aand gesê het oor: "Hou aan grawe, grawe al die verstoppings uit." Ons het steeds die. . . Die kanale is hier, en hulle is almal oopgemaak op Gólgota, en—en hulle is oopgemaak in die wildernis, en hulle sal oop wees vandag as ons net die goed uit die pad sal kry, al ons ongeloof, en glo dat God steeds God is.

22 En as julle wil hê ek moet oor 'n lappie bid en dit vir julle stuur, sal ek dit graag doen. Ek sien elke aand en dag het hulle lappies wat hierbo lê. Ons stuur hulle uit by die duisende, om die wêreld. En hulle kan meer doen as wat ons kan, enigste ding, dis net 'n kontak vir die mense, baie groot dinge gebeur. Hulle is gratis, niks wat ons van ons eie het wat ons verkoop nie.

23 Ons het 'n paar boeke hier, wat hulle verkoop, maar hulle behoort nie aan ons nie, hulle behoort aan Mnr. Stadsklev, en Mnr. Lindsay, en verskillendes, wat ons hulle by hulle koop teen veertig sent minder, veertig persent, dan moet ons *soveel* per week betaal vir kêrels om hulle te verkoop, en *soveel* om hulle te vervoer, *soveel* vir vrag, jy breek net nie gelyk met hulle nie, dis al, die diens moet help om dit te ondersteun.

24 En dan het ek altyd gesê, dat as daar enigiemand verbykom, na Leo, en Gene, en hulle wat die boeke verkoop, en hulle is betaalde agente, deur die kerk, om die boeke te verkoop, as iemand verbykom, 'n moeder, pa, of iemand, en hulle sê: "Ek wil graag een hê, maar ek het net nie 'n pennie nie, ek net. . . " gee dit in elk geval vir hulle, laat hulle dit kry. Per slot van sake, dis ons wat die Woord van God probeer uitkry, iewers heen, 'n deel van die offerande, of iets sal daarvoor vergoed. En wat ons oor het, dan belê ons dit weer in nog 'n paar boeke wat iemand anders druk, en ons koop hulle by hulle, ek besit hulle nie, hulle is van iemand anders.

25 So ek waardeer almal, en my, sekerlik, my medepredikers, Broer David duPlessis, en Broer Boze, en baie van die groot predikers hier by Chicago wat ek die voorreg gehad het om te ontmoet. Mag die Here se rykste seëninge op julle wees, Sy diensknegte, en op julle, Sy mense.

26 Nou, ek—ek moet 'n bietjie vinnig maak vanmiddag, want ons sal nie tyd hê nie. En ek—ek respekteer beslis julle mense wat hier uitkom, en die—die—die—die skape van hierdie

skaapwagters hier, wat God hulle gegee het, deur die Heilige Gees, opsienerskap. En ons gaan probeer om vroeg genoeg te verdaag sodat julle kan huis toe gaan en kerk toe gaan, vanaand. En dit, dink ek, was die Christen Sakemanne se beginsels, ons het dit lank gelede aangeneem, as dit nie die kerke s'n is nie. Nou, selfs wanneer al die kerke saamwerk, verkies ons steeds die Sondagmiddag, so mense. . .Ek dink elke persoon behoort jou kerk by te woon, ek dink dis jou plek, jou pos.

27 Nou, vanmiddag wil ek graag lees, ek het 'n paar tekste hier uitgeskryf, en 'n paar Skrifte, en klein verwysings, ensovoorts, en ek wil graag vir julle, as dit is dat julle hierdie dinge neerskryf, en as julle my julle onverdeelde aandag sal gee net vir so gou as wat die Heilige Gees my sal laat stop, blaai saam met my na Jesaja, die 7de hoofstuk en die 14de vers, ek vir 'n—vir 'n Skriflesing wil lees.

> *Daarom sal die Here self vir julle 'n teken gee; Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en sy sal hom Immánuel noem.*

28 En ek wil vanmiddag praat oor die onderwerp van die *Superteken*, as ek dit 'n onderwerp kon noem, of 'n teks: *Superteken*.

29 Hierdie is 'n dag van—van *super*. Alles moet super wees, of as hulle nie het nie. . .as dit nie 'n superproduk is nie, sal dit nie verkoop nie. En ons onthou, dat omdat mense, God wat hulle natuur ken, en iets in die mens, wat maak nie saak hoe ver hy geval het nie, tog in ontwerp, hy 'n seun van God is, ontwerp, God het hom ontwerp op Sy Eie manier.

30 En ons kyk partymaal af op ons mooi huise. Baiekeer sou ek afgaan in Miami, Fort Lauderdale, in Florida, en daardie mense daaronder sorg beter vir hulle agterplaas as, en hulle gras sny as wat ek, my hare wat ek oor het, uitgedun, party manne wat net elke grassprietjie uit die pad hou; pragtige strukture met—met reuse skilderye wat waarskynlik duisende dollars kos; die palmbome met 'n ry neonligte daarom; en spreiligte in die nag om die reënboogglans te weerkaats, en pragtige ligte; met seiljagte in die agterplaas, wat opkom deur 'n kanaal, vanaf die hoofskiereiland van water, wat inkom.

31 En ek het gestop en gedink dat omtrent driehonderd jaar gelede was dit 'n moeras, 'n *primitiewe*, alligators, krokodille, moerasse. Mans gaan daar in met masjinerie en—en grawe al die vuil bosse uit, ensovoorts, en—en neem groot blasers en blaas hierdie sand op, en gooi fondasies en bou huise, en maak paaie, ensovoorts, bou pragtige strukture. Wat doen dit? Want binnein hom, is hy 'n amateur skepper. Hy kan nie skep nie, maar hy kan iets neem wat alreeds geskape is en amper nog 'n skepping daaruit maak, sy intelligensie, sy intellek.

32 Nou, ons sien die verskil: ’n Dier verander nooit sy plek nie, die jakkals lewe steeds soos hy duisende jare gelede het, die voël bou steeds dieselfde soort nes, en die vis teel steeds in die sand, die aap lewe steeds in die boom, en ons vind dierelewe net primitief, maar die mens is in die gelykenis van God, so hy bly opbou.

33 So vandag het ons by ’n punt gekom dat dit alles is waarvan ons praat wat enige bemarkingswaarde het, *super* is. Ons gaan na die supermark, die winkeltjie op die hoek is toegemaak. Die supermark moet super-duper wees, iets *groots*. Jy koop seëls, betaal tien sent elk vir hulle, handelseëls. Jy moenie dink hulle word vir jou gegee nie, want hulle word nie, jy betaal vir hulle, ten duurste. Maar dis die oë van die publiek wat dit moet vang, televisie, koerante.

34 Onlangs, het ek geluister na ’n radio-uitsending, hulle het gesê: “Moenie outyds wees nie, gebruik die nuwe skoonmaakmiddels. Geen was, geen afvee, doop die water, ’n skottel daardeur, dis heeltemal skoon en al wat jy hoef te doen is net, wel, net in die water te doop, en dit op die rak te sit, dis alles reg. O, moenie outyds wees nie.”

35 Daardie advertensie het afgegaan en ’n ander een het opgekom, en dit het gesê: “Moenie jou mooi hande verbrand met hierdie nuwe skoonmaakmiddels nie, gebruik ’n sekere opwa- . . .’n ander soort, outydse Oxydol.” Gesê: “Want dit, kyk hoe ouma se hande lyk, kyk hoe ma se hande lyk, hulle het seepskuim gebruik, hulle nie verbrand, jou hande met hierdie nuwe skoonmaakmiddels wat hulle het nie.” En Colgate-Palmolive-Peet maak albei artikels, gemaak net daar in Jeffersonville.

36 Sien, die mense hou daarvan om geflous te word. En die duiwel het hulle in daardie toestand gekry sodat wanneer iets *werkliks* kom, hulle steeds dink hulle word geflous. “Hulle wat op die Here wag!” Hulle wat God ken, sal groot dinge doen.

37 Maar ons is in ’n *super*: superverkope, super, super, super, super, super, super alles, supermotors, superstralers, o, superstralers, superspoed, alles is ’n *super*. Superras, o, almal wil ’n superras wees. Hitler het net vir die Duitsers gesê dat hulle supermense was, het uitgevind hulle was nie. Super, super, alles is super.

38 En nou, dit alles begin sin maak, as julle net sal stop en studeer. Want dit is sommige skepsels wat God geskep het, en hulle is in daardie *super* idee, dit moet *super* wees. So al hierdie dinge beteken een ding: dis ’n teken. Dis ’n teken van superduisternis wat kom, superduisternis. Hulle het . . .

39 Adam het dit in die tuin van Eden begin, hy wou ’n supergodsdiens hê. En alles is super, super. En dit beteken net dat ons uitgaan in die duisternis in met hierdie super dinge, want hulle het ’n supergeweer wat ’n supersel sal skiet, wat ’n

superruimte sal opblaas, en, o, alles is 'n superskoot, doodmaak. O! Die mens het altyd iets supers op sy eie probeer bereik, hy wil nooit God se weg daarvan aanvaar nie, hy wil self iets bereik.

40 Adam het 'n supergodsdiens gehad, hy het 'n godsdiens gehad wat hy self gemaak het, om 'n supergodsdiens te probeer hê sonder 'n versoening vir sonde. Mense het dieselfde ding, probeer dit vandag doen, 'n godsdiens hê sonder 'n versoening. Jy moet 'n versoening hê, en wanneer versoening jou aanraak, word jy gereinig van sonde en ongeloof. Maar Adam wou iets super hê, iets wat hy self gedoen het, hy wou iets bereik, wat *in* die mens is. Adam het dit gewys, toe hy vir homself die vyeblaarvoorskote gemaak het om aan te trek. Ons vind uit hy wou daardie super hê, iets wat hy self wou doen.

41 'n Bietjie later in Génesis vind ons 'n man met die naam van Nimrod, hy wou 'n supertoring bou. Hy wou iets bou wat hy aan die wêreld kon nalaat: "Julle sien wat *ek* bereik het, iets wat *ek* gedoen het. Nou, julle mense gaan voort en lewe op enige manier wat julle wil, en as God ooit 'n idee kry om ons te vernietig, sal ons net reguit in hierdie toring ophardloop, sal ons net vry wees van die hele vloed. Lewe soos julle wil."

42 Dis hoe die mens vandag probeer maak met sy supergodsdiens, "Lewe soos jy wil, ons het 'n heilige man wat vir jou bid, die priester, die biskop, of iemand. Gaan net voort, ons het super instruksies, ons het groot kerke en groot organisasies. Gaan net voort, solank jy daaraan behoort, is dit in orde." Jy gaan uitvind dat dit sal val soos elke mens se prestasie, moet net.

43 Toe daarna, kom 'n man met die naam van Nebukadnésar, wat gedink het hy kon 'n superstad bou, iets om self te bereik. Eendag het hy uitgestap en hy het gesê: "Sien julle wat *ek* gedoen het?" En God het sy hart verander in 'n hart van 'n dier.

44 Hy het die beste wetenskaplikes gekry wat die wêreld gehad het, soos Nimrod het om die toring te bou, en Nebukadnésar het die beste wetenskaplikes gekry, die beste leër, die beste meganisme wat gekry kon word, hy het dit alles binne-in 'n groot supermuur gesit, dat hulle selfs gesê het hulle kon strydwawedrenne op daardie muur hou, en hy het alles daarin gekry. Wat het hulle gedoen sodra hulle daar ingekom het? "Lewe op enige manier wat jy wil. Geen ander volk kan ons pla nie, niemand aan die buitekant kan inkom nie. Ons het die wêreld verower." Wat het een aand gebeur? Onthou, God kan van bo af sien.

45 En toe hulle 'n televisieprogram gehad het, hulle 'n paar grappe wou maak oor godsdiens, en hulle gegaan het en die heilige voorwerpe van God gekry, en hulle begin bespot het, deur wyn uit hulle te drink, en daar het 'n onbekende tong se skrif op die muur gekom, en hulle hele superras het nie geweet wat

dit beteken nie. Maar hulle het een man onder hulle gehad wat onbekende tale kon uitlê, Daniël. En onthou, dis hoe die—die Heidense Kerk ingekom het, en dis op dieselfde manier wat Dit uitgaan.

46 En in hierdie groot fees van Belsasar, het God afgekom en die Chaldeërs en die . . . om die plek laat grawe, en die water laat uitloop, onder die poort ingekom. Die superstad was nikswerd nie, so dit lê vandag in puin.

47 Ons eie geliefde land hier, soos ons van Engeland af gekom het, wat die "Koningin van die see" genoem is in die dag, en sy noem haarself steeds: "Koningin van die see," ons wou hulle verslaan, so ons het vir ons 'n superskip gebou. Ons het iets bereik om 'n groot skip te bou wat ons wetenskaplikes, en ons groot intelligensie gesê het dit nie kon sink nie. God het met Sy magtige hand gewys dat, maak nie saak wat die mens kan bereik nie, dit stof geword het, die *Titanic* het gesink soos alle ander menslike prestasies. Ons superskip het gald nie gehelp nie, 'n reis onderneem, of so, en toe het sy 'n ysberg getref en na die bodem van die see gesink.

48 Frankryk het probeer om die Siegfriedlinie, Duitsland, die Maginotlinie te bou. Na die eerste Wêreldoorlog, toe Frankryk nog hulle vroue, wyn, en lekker tye wou hê, en hulle die Linie gebou het, en al hulle kanonne op Duitsland gerig het, "Komaan nou, laat ons eet, drink, en vrolik wees, alles is net reg." Wat het gebeur? Duitsland het reg rondom dit marsjeer, hulle het vergeet hoe om . . . 'n plek te los om hulle kanonne te draai, en Duitsland het dit platgevee. Duitsland het later die Maginotlinie gebou, die Amerikaanse betonbom het dit opgeblaas.

49 So julle sien, alles waaragter die mens homself probeer wegsteek met sy eie prestasie, sal hy—hy beslis verloor. Ek wens dat ek genoeg geleerdheid gehad het om dit te plaas op die manier wat ek—ek—ek weet dit is, ek hoop wat ek kortkom in geleerdheid, die Heilige Gees sal openbaar, deur Sy Wese, dat julle kan sien enige mensgemaakte ding moet verkrummel. En die mens probeer voortdurend, deur sy natuur, iets bereik wat hy kan nalaat as 'n herdenking van iets wat hy gedoen het.

50 Die kerk het iets probeer bereik. Hulle het probeer om 'n organisasie te bereik deur mensgemaakte teorieë, deur geleerdheid, deur mensgemaakte teologie. Presteer! Elke persoon wat vir hulle organisasie werk. Wat het daarmee gebeur? In die hele ding, waar is God? Elke kerk, en elke kerk wil hê hulle pastoor moet 'n Ph.D., LL.D. wees, wat in orde is, solank jy daardie plus God het. Maar wanneer julle gaan tot hierdie uiterstes om iets self te probeer bou, om te wys dat julle organisasie slimmer is, 'n beter-aangetrekte groep, hoër etiek, die burgemeester van die stad kom na julle kerk toe, is julle op dryfsand. Julle moet dit nooit vergeet nie, Chicago, as ek nooit

weer met julle praat nie, onthou julle dit! Daardie dinge moet sink en padgee.

51 Die Baptiste dink hulle sal vir hulle ’n organisasie bou, die Metodiste op dieselfde manier, Katoliek op dieselfde manier, Presbiteriane op dieselfde manier, Nasaréners, Pinkster, Pelgrim Heiligheid, alles daarvan, een of ander mensgemaakte prestasie. Maar dit sal net so sekerlik sink as wat Nimrod se toring het, en Nebukadnésar se stad het. Soos Amerika se *Titanic* ondergegaan het, so sal hulle ondergaan, hulle moet, elke mensgemaakte prestasie.

52 Waar is die *Titanic* vandag? Op die bodem van die see. Waar is Nimrod se toring? Sy het op die aarde neergeval. Waar is Nebukadnésar se onsterflike stad? Dit het gesink. Waar is Frankryk se Siegfriedlinie? Sy is opgeblaas. Waar is Duitsland se Maginotlinie? Sy het ontplof. Waar is die denominasionele kerk? Dood. Wat is dit? Dit alles is ’n historiese herinnering. Al wat oor is van die Siegfriedlinie is ’n geskiedenis. Al wat oor is van die Maginotlinie, is geskiedenis. Al wat oor is van die torings, is geskiedenis.

53 En al wat die kerk vandag het, is ’n geskiedenis, wat Moody gesê het, wat Sankey gesê het, wat Finney gesê het, wat Smith gesê het, wat *So-en-so* gesê het, dis ’n geskiedenis. Maar God lewe steeds net dieselfde en Hy sal altyd lewe. Dis ’n geskiedenis: “Ons begin in 1909.” “Ons begin in, ver terug in Luther se tyd.” “Ons begin by . . . ” O, goeiste! God het nooit begin nie en Hy sal nooit eindig nie. Alles wat ’n begin het, het ’n einde, maar dis daardie dinge wat nooit begin het nie, wat nie eindig nie.

54 Dis waarom, maak nie saak hoeveel prestasie ons in hierdie wêreld maak om ons oeste te bou, ons denominasies, ons geboue, ons strukture nie, hulle begin almal en hulle eindig almal. En ons het ’n begin en ’n einde gehad, maar wanneer ons Christus ontvang, ontvang ons God, God is Ewig, en ons word Ewig saam met God deur Ewige Lewe, wat nooit begin het of nooit sal eindig nie.

55 Moenie dat dit julle verlaat nie, hou dit in julle gedagtes en harte vars, solank julle lewe: Elke mensgemaakte prestasie moet val. Maar dis in hom om dit te doen, om so te maak, Adam, sy vader, het dit bewys. Hy wou net nie net voortgaan en God se wil doen, doen wat God gesê het nie, en toe hy uitgevind het hy was verkeerd, toe het hy sy eie weg probeer maak, hy het ’n gedenkteken probeer los: “Ek was die een wat die Adamgodsdiens begin het.” O, dis steeds hier, dit is beslis. Dis steeds hier, ons het dit steeds, mensgemaakte teorieë sonder ’n versoening.

56 O, hulle maak aanspraak op die versoening. Maar die versoening reinig van sonde, en sonde is ongeloof, en wanneer ’n man ’n ongelowige is in die Woord van God, sê dat Jesus Christus

nie dieselfde is, in dieselfde krag nie, is hy ’n ongelowige. Hy mag aan die grootste denominasie behoort en ’n Ph., L.L.D hê, hy mag ’n professor, biskop wees, of wat hy ook al mag wees, hy’s steeds ’n ongelowige sondaar.

57 Jesus het gesê vir daardie mensgemaakte stelsel in Sy dae, hulle was heilig, jy kon hulle nie aanraak nie, eerbiedige manne, heilig, en sonder blaam, Hy het gesê: “Julle is van julle vader, die duiwel,” omdat hulle Hom nie geglo het nie. Hy was die Woord van God wat vlees geword het, wat hier op aarde gelewe het, onder ons, God se Woord.

58 O, dit het nou alles geskiedenis geword; God bly. Maar in dit alles, soos die gevurkte weerlig in ’n stormagtige nag uitflits, wys dit dat daar lig in die duisternis kan wees, bewys dit dat, maak nie saak hoe donker dit word nie, daar steeds lig kan wees.

59 So manne wat tekens wou maak en tekens wou hê, het God gesê, eendag: “Ek gaan vir hulle ’n Ewige superteken gee. Ek gaan hulle ’n teken gee, en dit sal ’n superteken wees, ’n ewigdurende teken. Dit sal nooit verander nie, dit sal dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek sal hulle ’n teken gee.” Hulle wil dit nie ontvang nie, maar tog gee God dit.

60 Maak nie saak hoeveel hulle dit nie ontvang het nie, dit was in elk geval daar. Maak nie saak hoeveel hulle dit nie vandag ontvang nie, en mensgemaakte prestasie wil hê, bly God se teken steeds dieselfde, ’n superteken, nie ’n blinkgevryfde ding van die wêreld met ’n klomp geleerdheid, en mensgemaakte prestasie nie, nee nie dit nie, nie dinge van die wêreld, of enigiets wat met die wêreld verbind is nie. Hy het gesê: “Ek is nie van hierdie wêreld nie.”

61 Wel, wat sal Dit wees? Dit sal God wees wat vlees geword het onder ons. God wat vlees geword het onder ons, dit sal die superteken wees: God in vlees. Behoort treffend te wees vir die wêreld, Jehova, God wat Een van ons word, Sy vorm verander het van die groot, onsterflike Jehova om ’n klein babatjie te word. Hy kon gekom het met ’n volle Hemelse saluut as Hy wou. Elke Engel, elke Aartsengel van die Hemele sou op aandag gestaan het, en die basuine sou geblaas het wat die aarde sou skud, as Hy sou gekies het om op daardie manier te kom.

62 Hy kon met glans en praal gekom het, maar Hy het nie, Hy het ’n superteken gebring. Hy kon gekom het met basuine wat blaas, die aarde wat skud, afgekom het in die goue gange uit die Hemel met ’n Engelbegeleiding, vlieënde Gérubs met vlerke oor hulle gesig en oor hulle voete, wat bo Hom skree: “Heilig, heilig, heilig is U, Here God, wat was, wat is!” Hy kon op daardie manier gekom het as Hy wou.

63 God kon so gekom het, maar Hy het gesê: “Ek gaan hulle ’n superteken gee, Ek gaan wys dat hulle mensgemaakte goed dwaas is, al hulle blinkgevryfde glans, niks daaraan is nie. Ek

gaan hulle 'n superteken gee." O, Hy kon gekom het as 'n Engel, sekerlik, Hy kon gekom het as 'n groot, blink Engel, wat deur die lug dryf. Almal sou dit dan geglo het, maar Hy het 'n superteken gegee sodat omtrent een-tiende van hulle dit sou glo. Sien, wat die mens groot noem, noem God dwaas, en wat die mens dwaas noem, noem God groot.

64 Nou, ons kan nie Jesaja se woord hier betwis, toe God deur Jesaja gesê het: "Ek sal hulle 'n ewigdurende teken gee," ewigdurend: "'n maagd sal swanger word, en 'n Seun baar, en Sy Naam Immánuel noem. Ek sal in Hom wees." God met ons, 'n superteken, nie 'n slim geleerde nie, maar 'n superteken.

65 Daar's geen rekord van Hom wat ooit na enige kweekskool toe gegaan het nie, geen rekord van Hom wat ooit enige mensgemaakte teologie geleer het nie, maar op die ouderdom van twaalf, het Hy by die wyses gestaan, met hulle gedebateer, en hulle kon nie Sy Woord weerspreek nie. Amen. Daar's jou superteken: bly by die Woord.

66 Hulle sê: "Die dae van wonderwerke is verby," en al hierdie dinge, laat hulle dit bewys. Um-hum. "Ek sal julle 'n ewigdurende teken gee, die superteken." O, ja. Nou, Hy kon as 'n Engel gekom het, Hy kon gekom het as wat Hy ook al wou, maar Hy het gekies om te kom as Abraham se Saad, amen, Abraham se Supersaad. Dis reg. Die manier wat Hy gekies het om te kom om in hierdie laaste dae God se supertekens te wys, 'n superras, o, ja, nie wat julle 'n superras noem nie, maar wat God superras noem. Omdat hulle wat het? Bonatuurlike krag, met bonatuurlike tekens, deur 'n bonatuurlike geloof in 'n bonatuurlike Woord, van 'n bonatuurlike God. Amen. Jy praat van *super*! Sjoe!

67 Bonatuurlike God, in 'n bonatuurlike liggaam, in natuurlike mense, wat bonatuurlike tekens gee. Halleluja! Ja. 'n Superras, hulle wat hulle God ken sal groot dinge doen, groot dade, om bonatuurlike tekens te wys, 'n volk, Abraham se Saad, 'n teken van die bonatuurlike Christus wat bonatuurlik uit die dood opgestaan het.

68 En na tweeduisend jaar, probeer die kritici, wat probeer het om Hom dood te maak daaronder, om dieselfde ding vandag te doen, maar dieselfde tekens, dieselfde bonatuurlike teken wys steeds onder bonatuurlike mense, wat die Saad van Abraham is. Amen. Ek voel goed. Amen. Bonatuurlik, bonatuurlik, jy nie glo in die bonatuurlike nie, hoe kan jy in God glo? Bonatuurlik gebore, deur 'n bonatuurlike geboorte, deur 'n bonatuurlike krag. Praat van *super*!

69 Wat is dit in die mens? Hy wil super hê, so wat doen hy met sy super? Gaan dood daarmee. Wat? God het dit geweet aan die begin, om Sy mense 'n *Super* te gee, 'n *Super* wat nederig en laag

is om hulle na die Lewe te neem, nie na die dood nie. O! Amen. Bonatuurlik!

70 Nou onthou, daar was 'n natuurlike saad van Abraham en 'n bonatuurlike Saad van Abraham. Nou, die natuurlike saad van Abraham, volgens Génesis 22:16 en 17, Hy het gesê: "Jou saad sal die poorte van sy vyand in besit neem." Toe hy Isak geoffer het in Génesis 22:16, 17, het Hy gesê: "Jou saad sal die poorte van sy vyand in besit neem." Begryp julle dit? Nou, die natuurlike saad van Abraham was Isak, so deur die saad van Isak, vind ons uit dat hulle wel die poorte van hulle vyand in besit geneem het.

71 Eenkeer het hulle drie van hulle onder in Babilon gehad, in daardie yslike groot stad daar, wat superstad gebou was, maar hulle het 'n bonatuurlike gehad. En hulle het hulle in 'n supervuur gegooi wat sewe keer warmer was as wat dit ooit was, en daar was 'n bonatuurlike teken van 'n bonatuurlike God wat in die vuur gestaan het, hulle bonatuurlik gered het. Amen. Wat het hulle gedoen? Hulle het die poorte van die vuuroond in besit geneem, hulle vyand.

72 Daar was nog een daaronder, genaamd Daniël, Abraham se saad. Wat het daarmee gebeur? Hy het getrou gebly aan God, hy het geweet dat hy die saad van Abraham was, hy het geweet hy doen reg. Hulle het hom in die leeukuil gegooi, en 'n bonatuurlike Lig, 'n dier is bang vir lig, julle weet, so 'n bonatuurlike Lig, 'n bonatuurlike Engel het afgekom deur 'n man wat in bonatuurlike geglo het, en die bonatuurlike hom verlos het. En hy het heelnag in die leeukuil gebly, en is bonatuurlik uitgebring die volgende oggend, omdat hy geglo en vertrou het in 'n bonatuurlike God, en hy het die poort van die leeukuil in besit geneem. Ja.

73 Daar was een genaamd Moses wat geglo het in 'n bonatuurlike God, Hom ontmoet en met Hom gepraat het op 'n bonatuurlike manier, by 'n bonatuurlike bos, 'n bonatuurlike Vuur op 'n bos gehad het. En hy het 'n bonatuurlike boodskap gekry, 'n een-man, wat afgaan, 'n een-man inval om Egipte oor te neem, 'n bonatuurlike boodskap, maar dit was van 'n bonatuurlike God.

74 So hy het soontoe gegaan en 'n bonatuurlike ding gedoen, want hy het bonatuurlike tekens, halleluja, oor 'n natuurlike volk gebring, en hulle het Israel bonatuurlik verlos. Wanneer enigiets natuurlik in sy pad gekom het, pad. . . Hy het by die poort van die Skelfsee gekom, maar hy het geglo in 'n bonatuurlike God, en hy het bly beweeg na die see, en die bonatuurlike krag van die bonatuurlike God het 'n bonatuurlike werk gedoen en hom verlos. Sjoe! Glorie! Dis reg.

75 Hoe? Deur 'n denominasie? Deur 'n bonatuurlike teken, deur 'n bonatuurlike man, wat 'n bonatuurlike bediening gehad het. Onthou, Hy verander nie. Glorie! As dit gebeur het in die natuurlike saad, wat van die bonatuurlike Saad? Ja.

76 Baie dinge, ons tyd gehad het om op in te gaan, wat Hy gedoen het in die natuurlike saad, hoedat Hy dit gedoen het deur Isak se saad, die, Isak as die saad, Vader Abraham, Isak, en Jakob. Hoedat Elía, baie ander groot profete, die natuurlike . . . die groot bonatuurlike tekens wat hulle gedoen het, maar al daardie groot helde het gesterf. Daar's een ding wat hulle moes doen, was om te sterf, want hulle was die natuurlike saad.

77 O, prys God! Maar eendag, het daar die bonatuurlike Saad gekom, wat gebore is met 'n bonatuurlike geboorte, dieselfde geloof, nie gebore met die natuurlike geboorte nie, maar met die bonatuurlike geboorte, met die bonatuurlike geloof wat Abraham gehad het, nie volgens die seksuele begeerte van Abraham, en wat God op daardie manier aan hom gedoen het nie, maar met 'n bonatuurlike geloof wat hy gehad het. En geloof is bonatuurlik, dit doen bonatuurlike dinge.

78 En deur Abraham se geloof, soos hy hier was, honderde jare later, het die bonatuurlike Saad gekom waarin hy geglo het. En toe hierdie bonatuurlike Saad op aarde gekom het, het Hy die bonatuurlike teken van 'n bonatuurlike Profeet gedoen. Hy was meer as 'n profeet, Hy was 'n God-Profeet om 'n natuurlike volk 'n bonatuurlike geboorte te gee. Wat het Hy gedoen? Hy het voor ons uitgegaan, Hy het gesterf, maar hulle kon Hom nie vashou nie. Abraham se graf is steeds daar, Isak se graf is steeds daar, maar daar's 'n leë graf op die bonatuurlike Saad wat 'n bonatuurlike werk gedoen het, wat 'n bonatuurlike opstanding gehad het.

79 Wat het Hy gedoen deur dit te doen? Hy het die dood, die hel, en die graf oorwin, en sy poorte in besit geneem, opgestaan op die derde dag in 'n bonatuurlike opstanding, gesê: "Ek het die sleutels van die dood en die hel." Amen. "Ek was Hy Wat eers dood was, en nou lewe Ek vir ewig. En omdat Ek lewe, sal die Saad van Abraham ook lewe." Daar het julle dit. "Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld. En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

80 Onthou, Jesaja het gesê: "Dit sal 'n ewigdurende teken wees." Hy het opgestaan. Party van julle mense wat nie daarvan weet nie, julle dink Hy's 'n historiese God, wat iets aanbid wat ver terug destyds 'n lang tyd gelede was, maar daardie selfde God wat opgestaan het uit die dood as 'n bonatuurlike teken, en na tweeduisend jaar steeds lewe, steeds net hier nou, en wonderwerke kan doen soos Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, deur bonatuurlike mense wat gebore is uit 'n bonatuurlike Gees, met die bonatuurlike geloof wat Abraham gehad het in dieselfde ding. Amen. 'n Teken, waarlik, aan die wêreld in die laaste dae, dat Hy steeds lewendig is.

81 Abraham se bonatuurlike Saad, 'n bonatuurlike volk, nie deur denominasie geroep nie. Ek sou sê: "Is jy 'n Christen?"

"Ek's Metodis."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek's—ek's Katoliek."

82 Dit wys jy's nie 'n Christen nie. Sien? As jy 'n Christen is, is jy wedergebore. As jy 'n wedergebore Metodis is, dan is jy 'n Christen, nie 'n Metodis nie, jy is 'n Christen! En die woord *Christen* beteken: "om soos Christus te wees." En as jy soos Christus is, woon Sy Gees in jou, en hierdie tekens van die bonatuurlike opstanding is met jou. Bonatuurlike tekens, bonatuurlike krag, lewendig!

83 Die saad in Isak was natuurlik, dit was die eerste saad. Sy tweede saad was geloof, die geloof wat Abraham in God gehad het wat die natuurlike saad gebring het. Die geloof wat Abraham in God gehad het, het sy liggaam verander toe hy 'n ou man was en het die natuurlike saad gebring. En daardie selfde geloof het Christus na die aarde toe gebring, want dit was 'n belofte van God, wat God gemaak het dat Hy dit na die wêreld sou stuur, en dieselfde geloof in daardie selfde belofte is die ewigdurende teken wat Hom onder Sy mense bring, en Hom laat opstaan uit die dood, dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Amen.

84 Die natuurlike saad is die organisasie, sekerlik; die bonatuurlike Saad is 'n teken. Ja. Jy kan dit organiseer. Dis reg. Jy kan organiseer. . .Jy kan nie God organiseer nie, jy kan 'n groep mense organiseer. Jy kan God nie organiseer nie, want Hy is 'n Teken. Ek vra julle om dit te verwerp. "Ek sal jou 'n bonatuurlike teken gee, 'n ewigdurende teken."

85 Wanneer Hy op aarde kom, wat Hy dan is, dit sal Hy vir altyd wees. Sjoe! Hy is 'n. . .Ek het net daarvan vergeet, het nie eens geweet ek het gesweet nie. Net hierdie doudruppels, ek kwyl baie, maar ek sê julle, ek is so naby aan Kanaän, ek eet nuwe druiwe, so dit sal jou laat kwyl. Amen.

86 'n Bonatuurlike God het Jesus bonatuurlik opgewek, en Hom lewendig aan die aarde voorgestel, dat, in Abraham se Saad in die laaste dae, dieselfde teken sou wys wat die bonatuurlike Saad gesê het: Abraham se Super Saad, vandag, sal glo soos Vader Abraham het, want die Super Saad het so gesê, toe Hy daar gestaan het, het Hy gesê: "Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Daardie Engel, God wat vlees geword het onder hulle, het gestaan met Sy rug gedraai na die tent, en vir Sara gesê waaraan sy gedink het, vir Abraham gesê waaraan Sara gedink het en in die tent gedoen het.

87 Jesus het gesê dit sal daardie soort van 'n teken wees in die laaste dae, omdat Hy die bonatuurlike teken van die Messias aan die Jode gewys het, en aan die Samaritane, nadat hulle duisende jare van lering gehad het, maar die Heidene dit nie gekry het nie.

88 Nou, dis watter soort teken? 'n Teologiese teken? Nee, meneer. 'n Bonatuurlike teken. Wat is dit? 'n Messias in menslike vlees. Glorie! 'n Superteken, die Heilige Gees! Amen! Die Heilige Gees, die herrese Messias wat in 'n volk lewe, 'n Saad van Abraham, wat glo dat Hy is. En dieselfde bonatuurlike Saad sal glo soos hulle vader, Abraham, het. As hulle dieselfde Saad is, sal hulle dieselfde teken glo. Glorie!

89 Die organisasies sal dit nie glo nie, hulle sal dit verstandstelepatie noem, hulle sal dit die duiwel noem. Maar die bonatuurlike Saad van Abraham wat gebore is uit die bonatuurlike krag van God, glo dieselfde bonatuurlike teken, omdat dieselfde bonatuurlike Woord so gesê het. Amen. Die ewigdurende teken. O, hoe magtig, hoe groot, hoe glorieryk is ons God! Bonatuurlik, niks natuurliks daaraan nie, geen organisasies daaraan verbonde nie, geen mensgemaakte geloofsbelydenisse nie, dis God wat vlees geword het onder Sy mense met 'n bonatuurlike geloof. Amen. Glo julle dit? Laat ons dan ons hoofde buig.

90 O God, die bonatuurlike Wese, die tyd gaan verby vir my. Tyd gaan verby vir ons almal, Here, ons besef net 'n jaar gelede, wat gebeur het in die laaste jaar, dit gaan aan, vinnig aan. Ons sien die aarde sterf, ons sien mense sterf, ons sien geboue verkrummel, nasies wat val, organisasies wat faal.

91 O, ons is so bly om te weet dat daar 'n bonatuurlike Een onder ons is, Wat Homself bekend maak aan 'n volk wat in die bonatuurlike glo. God het gesê Hy sou ons 'n superteken gee, en dit sou 'n Ewige teken wees. Dan Here God, bewys U Uself as die Ewige God; U het dit gedoen, U sal dit doen, en hier is ons in die laaste dae, en dit was nie so vandat Jesus hier was nie.

92 Daardie geslag het die teken ontvang, die bonatuurlike teken, en het dit nie geglo nie en in chaos ingegaan. En hier is dit nadat al die teoloë hulle groot torings van Babilon gebou het, vind ons uit dat hulle geen bonatuurlike teken sien nie. En nou, in hierdie laaste uur het U afgekom met 'n bonatuurlike teken onder U mense om 'n bonatuurlike Saad van Abraham te roep, en 'n volk uit die Heidene te neem om U Naam's ontwil, U het gesê U sou dit doen, en hier is U.

93 Ons Skrifte sê vir ons dat Jesus Christus dieselfde is, dieselfde teken is. Gister het Jesus gesê: "Dieselfde tekens wat Ek doen, sal julle ook doen." Ek bid God, dat—dat hulle dit sal sien en glo, en glo aan Jesus Christus as hulle Verlosser.

['n Suster praat in tale en 'n broer gee uitleg—Red.] Amen. Amen. Ja, Here.

Amen. Dank God.

94 Is daar nou sommige hier wat God nie ken nie, na daardie boodskap, op hulle voete sal staan en sê: "Ek wil Hom aanvaar

as my persoonlike Verlosser"? Dit hang nou van jou af, jy's die een om die besluit te neem, net nou, doen dit vinnig.

95 Dankie, God seën jou. God seën jou. Iemand anders? God seën julle drie. Iemand anders? Staan op jou voete en sê: "Ek sal Hom aanvaar as my Verlosser. Ek glo met my hele hart dat die Woord van God vlees geword het onder die mense vandag." God seën jou, meneer.

96 Iemand anders? Steek jou hand op of jou . . . sê: "Onthou my, ek sal . . . " God seën jou, dame. Iemand anders? Staan net op. Ons het geen plek vir 'n altaar-oproep om die mense nader te bring nie, ons wil net hê julle moet opstaan en getuig, soos hierdie, opstaan, terwyl jy opstaan, sê: "Ek glo Jesus Christus die Seun van God, ek aanvaar Hom as my Verlosser."

97 "Bely My voor mense, sal Ek julle bely voor My Vader, en die heilige Engele." Sou daar nog 'n paar wees voor afsluiting, voor ons die diens verander? Goed. God seën. God seën hulle. Ja, die een wat hulle hand opsteek. God seën jou, meneer. God sy met jou, my broer. God seën jou, meneer, wat daarbo staan met die rooi hemp aan. God sy met jou; ja, en jy, ook. Waar jy ook al is, God seën jou, is my gebed.

O: "Glo net, alle dinge is moontlik, glo net." Goed.

['n Broer praat in tale en 'n ander broer gee uitleg—Red.]

98 Hmm, hmm, hmm! Hoe kan julle dit weerstaan, mense? Hoe kan jy dit doen? Wat gaan gebeur as jy hier is sonder God, sond- . . . en weet dat jy verkeerd is? Waarom staan julle nie op julle voete nie? 'n Gees hoor uitroep soos daardie oor die Woord van God soos daardie!

99 Party van julle Christene wat langs daardie man staan wat daarbo staan, sal julle net met hom praat, en saam met hom daar bid? Die plek is vol hier vir die altaar-oproep. En hulle wat opgestaan het, een of ander Christen by hulle wat hulle ken, praat nou net met hulle oor hulle siel, vertel hulle dat Jesus hulle vergewe.

100 God vergewe jou, my broer, jy wat daar op jou voete staan. Sekerlik. As jy opstaan . . . Glo jy Hom as Jou Verlosser? Wil jy hê Hy . . . ? Glo jy dat Hy jou red? Dan is jy gered, my broer. Vic, jy is nou een van ons, gaan reguit aan in die Koninkryk van God, ja, meneer, as jy met jou hele hart kan glo.

101 Sou daar ander wees wat sou staan en sê, net deur op te staan, sê: "Ek aanvaar Hom, ek glo Hom, ek glo die Boodskap is waar"? God seën julle daaragter, die Here vergewe julle almal—almal daarlangs. Elkeen, julle daarrond, Christene, vertel hulle wat God vir hulle beteken.

102 Af deur hierdie paadjie, is daar enige hier onder wat sou opstaan? Sê: "Ek sal Hom self aanvaar, net hier." Enige af in

hierdie paadjie? God seën julle, daar agter en oral op-en-af aan hierdie kant. God seën jou, meneer.

103 Julle Christene naby aan hulle, reik uit, en vat hulle hand en sê: "God seën jou." Oorkant in die linkerpaadjie, daar oorkant, ver oorkant na . . . enigiemand daar binne sou opstaan en sê: "Ek sal Hom nou aanvaar as my Verlosser"? Hoe kan jy dit weier, broer, wanneer hier Woord, en Gees, en krag, en teken is? Die wêreld wil een of ander wonderwerk hê, wil iets super hê, *hier* is dit, bonatuurlike, superkrag.

104 Goed. Ek wou my predikerbroers vra om saam met my te kom vandag om vir die siekes te bid, dat die mense duidelik kan verstaan dat Christus die siekes genees, en dat al die dinge deur . . .

['n Suster praat in tale. Leë kol op bandopname. 'n Broer gee uitleg—Red.] Hmm! Prys God. Amen. ['n Broer praat in tale. Leë kol op band. 'n Ander broer gee uitleg. 'n Suster profeteer.]

Amen. Ons dank die Here. Amen.

105 Nou hoor julle wat die Gees vir die mense sê. Sien? Dit beteken dat, Chicago, julle iets mag ontvang, julle sien. En dit mag julle laaste keer wees, so as daar enige twyfel is, die Gees het selfs vier keer daar gespreek, sien, wel nou, jy—jy behoort jouself vir Christus te gee. Is daar iemand hier wat dit nie gedoen het nie? Steek op na, of, steek net jou hand op, sê: "Onthou my, O Here, dink aan my."

106 God seën jou. Laat . . . God seën jou, jongman. God seën jou. Goed. God seën jou, jongman. Daar's twee jong mans. God seën julle. God seën julle. God seën jou, dame. God seën daardie dametjie, ook. Ja, dit is goed. Hy sien jou en ken jou, Hy weet alles van jou af. Dieselfde God wat Jesus uit die dood opgewek het, is nou hier. Glo julle dit?

['n Broer praat in tale. Leë kol op band. 'n Ander broer gee uitleg. 'n Suster profeteer. Leë kol op band—Red.]

Glo net, glo net,
Alle dinge . . .

Hulle is tekens. Kyk wat Hy nou doen, kyk wat Hy doen.

Glo net, glo net,
Alle dinge . . .

107 Hoeveel is siek? Steek jou hand op, sê: "Ek is siek, Broer Branham, ek het hulp van God nodig, ek's behoeftig." God seën julle. Wees net baie eerbiedig, sit baie stil, net 'n oomblik. Laat die Heilige Gees . . . Nou, ons het tekens gesien, tekens van Sy teenwoordigheid, kyk nou en kyk of Hy nie 'n Superteken wys nie.

108 Ek sou die predikers hier onder roep om vir die siekes te bid, maar die Heilige Gees, toe ek Hom deur die mense hoor praat

het, het *iets* net afgekom, Ek het nie die gawe van praat in tale of uitleg nie, dis 'n ander gawe, en ek het gedink: "Here, wat is volgens daardie mense?" Hy het gesê: "Dis die teken."

109 Nou hier kom die superteken. Uh-huh. "Ek sal vir julle, in hierdie laaste dae, 'n superteken, 'n superteken gee."

110 Bid, glo God, almal van julle, glo net dat God julle sal genees, en kyk of Hy steeds die Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. So maklik nou. Lig julle hoofde op en kyk *hiernatoe*, glo ek is Sy diensskneg, julle sal sien of dit reg of verkeerd is.

111 Bid. Bid net vir jouself. Iemand sê: "Here Jesus, laat my U kleed aanraak. Hulle sê vir my U is 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. 'n Vrou het eenkeer U kleed aangeraak, U het omgedraai en haar vertel van haar bloedvloeïng, en gesê haar geloof het haar gered. Laat my U aanraak, Here, kyk of dit reg is." Glo net.

112 Hier's 'n vroutjie wat net hier sit, groenerige rok aan, gekleurde vrou. Ja. Jy bid vir iets. Klein, maer vroutjie. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie. Ek wou net weet of jy in die ry sou wees of nie, sien. Jy het nie 'n gebedskaartjie nie.

113 Glo jy dat ek Sy profeet is? As God vir my sal sê wat jou probleem is, sal jy my glo? Jy bid nie vir jouself nie, jy bid vir jou moeder. Sy's nie hier nie, sy's in die staat Tennessee. Dis reg. Wil jy hê ek moet vir jou sê waaraan sy ly? Sal jy dan met jou hele hart glo? Sy het 'n vergroeisel in haar maag. Dis SO SPREEK DIE HERE GOD.

114 Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie. Is dit reg, dame? Is ons totale vreemdelinge? Net 'n vrou, net ingekom en daar gaan sit. Dis die waarheid. Is dit alles waarheid? "Kyk, Ek sal julle 'n ewige teken gee." Jesus is opgewek uit die dood. Sy het *Iets* aangeraak.

115 Daar sit 'n vrou, wat reg daaragter sit. Sy ly aan 'n, sy het 'n —'n rugprobleem, en 'n nierprobleem. Die gekleurde dame, wat reg daaragter in die linkerkant sit, hieragter, sy kyk na my. Sy soek na die doop van die Heilige Gees. Mev. Frane, ontvang jou genesing en die Heilige Gees.

116 Kyk of dit reg is. Ek ken nie die vrou nie, het haar nog nooit in my lewe gesien nie. As dit reg is, dame, wuif jou hand heen-en-weer. Maar as dit die dinge is waarna jy soek, en waaroor dit alles gaan, as alles waarheid was, wuif net, hou net aan om julle hande te waai. Goed. Gaan, en jy kan kry waarvoor jy vra, want jy het die superteken aangeraak. Amen.

117 Glo jy met jou hele hart? Daar is 'n ander vrou wat agter haar sit, reg daaragter. En hierdie vrou, sy soek ook na 'n groot ding, maar dis 'n baba. Mev. Cary, as jy sal glo met jou hele hart, kan

jy jou kind ontvang, ek stuur dit vir jou in die Naam van Jesus Christus.

118 Ek ken nie die vrou nie, sy's 'n totale vreemdeling vir my. Maar as dit reg is, dame, staan op, as alles reg is, en alles wat gesê is, reg is. Goed. God seën jou. As ons vreemdelinge is, wuif julle hande soos *hierdie*. Goed. Goed. Julle sal 'n superteken ontvang. Amen.

Sien, Hy's steeds God. Amen. Glo jy met jou hele hart? Hê net geloof.

119 Hier sit 'n gekleurde meisie, wat net hier op die punt van die ry sit, sy ly aan hartprobleme. Ek ken jou nie, dame. Jy's nie van hier nie, jy's van Zion, Illinois. Jou naam is Mev. Fitzgerald. Dis reg. As dit waar is, staan op jou voete en aanvaar jou genesing, eis jou geloof in die lewende God. God seën julle. Gaan, glo.

120 Daardie gekleurde dame wat haar daarbo gehelp het, wat ook ly, jy het TB van die ruggraat. En jou naam is Mejuffrou Davis, en jy's van Zion. Daardie dame wat haar opgehelp het, is 'n suster van hierdie ander meisie. Jou naam is ook Fitzgerald, en jy's van Zion. Dis reg. Dis waar. En jy het keelprobleme, maar jy's genees, Jesus Christus maak jou gesond. Amen.

Glo jy met jou hele hart? Wat van iemand buite aan hierdie kant?

121 Mev. Smith, met lae bloeddruk, glo jy Jesus Christus maak jou gesond? As jy dit glo, Mev. Smith, staan op jou voete, aanvaar dit, en glo dit met jou hele hart. Jy sal gesond gemaak word, die lae bloeddruk verlaat jou.

Ek ken nie die vrou nie, het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar dit is waar. Glo jy? Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

122 Iemand het aan my sy geraak, wat ek reken dit was my seun wat dink ek het omtrent genoeg daarvan gehad. Glo net met jou hele hart.

Mejuffrou Bailey, moenie twyfel nie, maar glo aan die Here Jesus Christus en jy sal genees word. Gaan terug na Gary en vertel hulle hoe groot God is.

123 Glo jy? "Kyk, Ek sal julle 'n superteken gee." God gemanifesteer in vlees! Kan julle dit nie sien nie, Chicago, na al hierdie jare wat ek hier by julle was nie? God gemanifesteer in menslike vlees, deur die genade van Jesus Christus. "Ek gee julle 'n superteken."

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.
>
> Ek het Hom lief, ek het Hom lief

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

124 Almal wat gebedskaartjies het, steek julle hand op. Hou jou gebedskaartjie in jou hand. Glo julle dat ek Sy siener is, Sy . . .? Glo julle dat dit nie ek is nie, ek—ek—ek julle broer is? Glo julle dit? Julle glo dat God Sy Woord bevestig het, dat ons die teken het van praat in tale en uitleg, dan die superteken van Sy opstanding?

125 As julle dit glo, sal ek, in die Naam van Jesus Christus, elkeen van julle gesond verklaar, as julle dit glo, en julle kaartjie sal laat val. Laat val julle kaartjies op die vloer, laat val net julle kaartjie. Dis reg. Ontvang julle genesing! Gooi net julle kaartjies op die vloer, en sê: "Ek glo God. Dis goed genoeg vir my! Net nou, glo ek God." Gooi julle kaartjies op, sê: "Ek bewys ek glo met my hele hart dat Jesus Christus, die Seun van God, lewe en regeer en . . ." Glorie!

61-0430 Superteken
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org